**Ja, die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here**

**Habakuk 2:1-20**

**21 Junie 2026**

1. Vantevore: Habakuk was bekommerd oor die onreg in Juda. Hy het dit voor die Here gebring, en die Here het geantwoord dat Hy die Galdeërs gaan stuur. Habakuk kon dit nie verstaan nie – dit het gelyk of dit in stryd is met die karakter van die Here, en of die Here teruggaan op Sy verbondsbeloftes. Hy het hierdie bekommernis ook in gebed voor die Here gebring en wag in sy wagpos op die antwoord van die Here.
2. Die pad wat die Here beplan om met die Galdeërs te loop, en ook met die volk
    a. Die Here antwoord, en Habakuk moet die antwoord maklik leesbaar neerskryf op kliptafels (v2)
    b. Die Here se antwoord is 'n visioen (v3)
        i. Sal eers aan die einde van die tyd vervul word – wat lank mag duur
        ii. Sal nie teleurstel nie (anders as die vorige antwoord wat Habakuk teleurgestel het)
    c. Die pad van die Here behels twee groepe mense (v4)
        i. Onregverdiges sal wegkwyn
        ii. Regverdiges sal deur geloof lewe (vgl Rom 1:17, Gal 3:11, Heb 10:38)
    d. Die Here beskryf in detail hoe die Galdeërs gaan wegkwyn – soos wat hulle opgetree het, gaan teen hulle opgetree word (v5-12, 15-19)
    e. Die Here gaan hulle laat besef hulle sloof hulle af vir niks (v13)
    f. Let op hoe wêreldmoondhede wegkwyn deur die loop van die geskiedenis:
        i. Assiriërs → Babiloniërs → Mediërs/Perse → Grieke → Romeine
        ii. Kolonialisme
        iii. Amerika? / China?
    g. "Regverdiges sal deur die geloof lewe" loop ook deur die geskiedenis:
        i. Habakuk → Jesus → Paulus (Romeine/Galasiërs) , Hebreërskrywer
        ii. Martin Luther
        iii. 144 000 (Op 7)
3. Die einddoel waarheen die Here op pad is met al hierdie gebeure
    a. Die aarde moet gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here (v14)
        i. Vgl Ps 72:19
        ii. Jes 11:1-9 – veral v9
    b. Teen die einde sal Babilon (en al die onregverdiges) finaal wegkwyn (Op 18:2, 10, 19, 21)
        i. Maar hulle sal erken Jesus Christus is die Here (Fil 2:10-11)
    c. Teen die einde sal die regverdiges jubel oor hulle verlossing (Op 19:1-7)
4. Die Here gebruik selfs die onregverdiges om die regverdiges te konfronteer wanneer nodig – selfs al besef die onregverdiges dit nie
5. Ek is oortuig: Omdat die kerk van ons dag lyk soos wat dit lyk, lyk die land soos wat dit lyk, en die wêreld soos wat dit lyk (en nie andersom nie)
    a. Ons moet met erns besin
6. I.p.v. om die soewereiniteit van die Here te bevraagteken, moet ons leer na watter einddoel die Here werk, en hoe Hy dit gaan bereik – dan sal ons stil word voor die Here (v20)